

Saterdag 3 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:14-16

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:14-16

Geloof in praktyk

Hoe moet jy jou lewe van hoop elke dag inrig? Aangesien jy 'n kind van God geword het en is, kan jy nie jou geaardheid en natuurlike lewe vrye teuels gee en "laat waai soos jy lus het" nie.

Jou lewe moet daarvan getuig dat jy 'n kind van God is. Daarom leef jy soos jou Vader in die hemel dit wil hê. *Kinders van God se heiligheid is ons model.* God stel vir jou die standaard, nie maar net jou gewete of jou natuurlike geaardheid nie. Baie van die mense wat hier aangespreek word, het voor hulle bekering geglo in gode wat net so sleg soos mense was. Hierdie gode was skelm, het mekaar bedrieg, het oor en weer huweliks-maats geruil, was oorlogsugtig.

Hoe anders is die ware God! Hy is heilig (1:15). In die brief word verder uitgespel wat hierdie lewe vir die gelowige in die praktyk inhou. In kort kom dit daarop neer dat jy as gelowige met alles wat jy is en het, in diens van God staan. In alles wat jy sê of doen, wil jy eers vasstel of dit God se goedkeuring sal wegdra. Die mens wil van hierdie moeilike opdrag probeer wegstroom en vroom vra/sê: "Hoe kan ek heilig lewe?"

Ons moet egter raaksien dat God nie hier iets vra wat jy in eie krag moet doen nie. Trouens, hierdie oproep om heilig te lewe, hang nie in die lug nie. Jy moet heilig lewe omdat jy God se kind is (vgl. 1:3).

Sing: Psalm 146:2, 3, 8 (1936)

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)